PIETER PLAASMUIS EN STEFAN STADSMUIS

PIETER PLAASMUIS EN STEFAN STADSMUIS

BEATRIX POTTER

PIETER PLAASMUIS EN STEFAN STADSMUIS

Kopiereg © 2009 CruGuru

ISBN: 978-1-920414-06-1

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier of in enige vorm gereproduseer, weergegee, gestoor of oorgesend word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

Die eerste uitgawe het in 1918 in Engels verskyn onder die titel The Tale Of Johnny Town-mouse. Afrikaanse vertaling (2009) deur Lakisha le Roux.

Hierdie uitgawe uitgegee deur CruGuru in 2009

www.cruguru.com

Inhoudsopgawe

Pieter Plaasmuis se Reis na die Stad 1
Pieter Plaasmuis Kuier by Stefan Stadsmuis 11
Pieter Plaasmuis Verlang Huis-toe 29
Stefan Stadsmuis Kom Kuier op die Plaas 41

Pieter Plaasmuis se Reis na die Stad

Pieter Plaasmuis is ’n klein muis van die plaas wat per ongeluk na die stad in ’n groentemanjie vervoer is. Die boer van die plaas waar Pieter Plaasmuis woon, stuur een maal per week groente na die stad met ’n perdewa, en hy verpak altyd die groente in ’n groot mandjie.

Die boer los die groentemandjie altyd by sy hek, sodat die drywer van die perdewa dit daar kan oplaai as hy verbykom met sy wa. Pieter Plaasmuis kruip deur ’n gaatjie in die mandjie, en nadat hy van die ertjies geëet het, val hy vas aan die slaap.



Pieter Plaasmuis word met ’n groot skrik wakker terwyl die groentemandjie by die perdewa ingelaai word. Dan volg daar ’n ruk en ’n pluk, en ’n geklop van die perd se hoewe; later word ander mandjies ingelaai; vir kilometers en kilometers is dit net ruk-ruk-ruk en Pieter Plaasmuis bewe die hele tyd tussen die rondgeskommelde groente.

Uiteindelik hou die perdewa by ’n groot, deftige huis stil, waar die groentemandjie by die wa uitgelaai word, by die huis ingedra word en op die vloer neergesit word. Die kok betaal die drywer van die perdewa; die agterdeur word toegeslaan, en die wa ry weg. Maar daar is geen stilte nie; dit klink of daar honderde waens by die huis verby ry. Honde blaf; seuns fluit in die straat; die kok lag; die bediende hardloop trap-op en af-trap; en ’n kanarie fluit soos ’n stoomtrein.